

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

3 Maart 2019 **Nr. 705**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!
Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak!

Predikant:	Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba:	Br Piet Prinsloo	Tel: 012 567 6109	Sel: 072 117 6117
Attes skriba:	Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Susterssake:	Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Adminbeampte:	Sr Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure:	Dins, Don & Vry vanaf 08:00 – 13:00		
Koster:	Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres:	admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf:	www.gkmagalieskruin.co.za

EREDIENSTE

Oggend 10:00 Ds Gert Erasmus

Skriflesing:	Psalm 50: 1 – 23
Teks:	Psalm 50: 14, 15, 23
Tema:	God openbaar Homself deur sy Woord en roep ons deur sy Heilige Gees tot 'n ware dankbaarheidsoffer!
Sang:	Ps 146: 1, 8 Ps 146: 3, 6 Ps 50: 7, 11 Ps 116: 7, 8, 9
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Pro Ecclesia

Aand 19:00 Ds Gert Erasmus

Skriflesing:	Hebreërs 10: 19-31; 35-39
Teks:	NGB Art 28
Tema:	God roep ons op om in hierdie deurmekaar wêreld, deur die amp van die geloof, ware kerk te wees!
Sang:	Ps 147: 1 Ps 68: 3 Ps 84: 2
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Hulp in Kerkverband

SAMESANG AAND 18:45: Ps 35: 5, 6, 7, 8 Sb 2-1: 5, 6, 7 (19) Sb 9-6: 1, 2 (20)

Volgende Sondae	**Oggend**	**Aand**
10 Maart	Trans-Oranje Inst	Hulp in Kerkverband
17 Maart	Evangelisering	Hulp in Kerkverband

Preke op CD:
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: R30 per CD enkel in kassie, R50 per 2 CDs in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.

Preke op die webwerf:
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

Afsprake met ds Gert Erasmus

Dit is uiteraard so dat ds Gert, vanweë werksdruk nog nie by elke lidmaat persoonlik kon uitkom nie. Lidmate wat graag persoonlike afsprake met hom wil reël is egter altyd welkom. Kontak hom gerus persoonlik of via Magda by die kantoor. Neem asb die vrymoedigheid!!.

VIR MEELEWING

'n Besondere welkom aan
- Alle besoekers saam met ons!

Meelewing
- Sr Elsa van Wijk (082 460 8262) wat in Groenkloof hospitaal is,
- Br Johan van Dyk (083 417 5591) wat in Eugene Marais hospitaal is.
- Sr Francien Brink (076 726 4131)wat verlede week 'n beroerte gehad het.
- Br Wessel van Niekerk (083 655 4991) wat die 4de vir 'n knievervanging hospitaal toe gaan.
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: br Andries Nel (Huis Blymoedig),
- br Kallie (072 120 6345) en sr Estelle Steenkamp (072 120 6345).
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan!
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en die rehabilitasie!

Leedwese
Ons dink aan sr Corrie van der Laan (083 263 8221) wat pas terug is van Nederland na die afsterwe van haar suster.

Verjaardae
Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

Maart	Sondag	3	Piet Steyn	082 495 7862
		3	Anel Ubbink	072 555 1011
	Maandag	4	Thelma Andrews	082 785 6903
		4	Johan Coetzee	071 604 5602
		4	Sollie van Vuuren	076 676 6003
	Dinsdag	5	Riekie Prinsloo	082 586 9167
	Donderdag	7	Nico Lourens	071 410 8700
		7	Mariaan Pretorius	084 616 1575
	Vrydag	8	Francois Marais	082 331 5184
	Saterdag	9	Lettie Venter	082 685 5188
		9	Jan Venter	072 104 5916
		9	Elna Viviers	082 852 6184

GEMEENTE-AKTIWITEITE

ALLE KOMMISSIES EN LIDMATE!

- Alle berigte wat in die nuusbrief moet verskyn **MOET** op die laatste **Donderdag 12:00** reeds in "Word" formaat na die kerkkantoor gestuur word. Geen laat berig sal in die betrokke nuusbrief geplaas kan word nie, maar moontlik wel in die voorportaal. Indien daar dringende inligting afgekondig moet word oor gebeure wat na die afsnytyd gebeur het, moet dit asb gestuur word na ds Gert se epos: ***dsmagalieskruin@gmail.com***

Monitor in Konsistorie

- Neem asseblief kennis dat die Kerkraad die installasie van 'n kamera in die kerkgebou goedgekeur het, wat ons in staat stel om hoëdefinisie beeld en klank van die erediens na 'n televisieskerm in die konsistorie te stuur. Sou dit nodig wees, kan lidmate die diens daar volg (bv. ouers met klein kindertjies in geval waar die moederskamer vol is).
- Die kamera stel ons ook in staat om beeldopnames te kan maak van spesiale geleenthede soos bv. doop, troues, ens. en dan beskikbaar te stel op DVD's. Die rekenaar toerusting moet egter eers opgegradeer word en dit sal plaasvind sodra daar fondse voor beskikbaar is. Ons hou u op hoogte!

Verandering van u persoonlike inligting

- Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of E-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting aan die kantoor sal deurgee. Daar is ook nou vir u gerief 'n rakkie in die portaal geplaas om u inligting in die kantoorrakkie te gooi, asook enige inligting wat u sou versoek om in die nuusbrief of onder die kantoor en ds Gert se aandag te bring. Hierdie rakkie sal op 'n Dinsdag tydens ons vergadering deurgegaan word en die nodige aandag geniet.

GEMEENTEKAMP BY WEESGERUS 13 – 15 SEPTEMBER 2019
Daar is nog steeds geleentheid om deel te wees van die geleentheid.
Sit jou naam op die lys in die portaal of stuur n boodskap vir sr Riekie Prinsloo by 082 586 9167

Bybelstudiegroepe

GROEP 3 (Stephanus van der Walt: – 012 567 2709 / 082 338 3216) Ons vergader DV Dinsdag 5 Maart om 15:00 in die konsistorie. **Tema**: Jeremia 1. (Inleiding en Studie 1 volgens *Voëlvlug deur die Bybelboeke van* prof G J C Jordaan.) 'n Volgstuk kan na die erediens by Stephanus of Fransie van der Walt verkry word, as u nog nie een ontvang het nie. **Almal welkom**. Skakel nou in en verryk ons met jou gawes (1 Pet 4:10), Byeenkomste elke tweede week en duur net 'n uur. Bring gerus kennisse saam.

GROEP 1 (Henriette Schutte – 012 548 2295 / 082 325 0751) – Woensdag 6 Maart om 09:30 in die konsistorie. Ons kyk na die Psalms. Alle susters is welkom, al wil jy eers net kom luister. Dit vra slegs 'n uur van jou tyd.

SUSTERS

Teeskinkbeurte	***Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!***		
3 Maart	Wyk	E6	Amanda Oelofse
	Wyk	E8	Riekie Prinsloo
	Wyk	E11	Baby van der Walt
10 Maart	Wyk	E9	*Esmé Slabbert*
	Wyk	F1	Erica Arnold
	Wyk	F2	Annetjie de Klerk

Gereformeerde vriendekring

2019 MIDWEEK-WEGBREEK:
ATKV Buffelspoort
DV 16-20 September 2019
Koste: R3 475 per persoon wat deel
Deposito: R500 (Voor 31 Maart 2019)
Res van die betalings: April R600; Mei R600; Junie R600; Julie R600; Augustus R575
Skakel so gou as môre met Mariki (09h00-13h00) by (012-548 9082) om jou plek te bespreek.

VAN DIE KERKRAAD

Katkisasie
Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk. Daarna Les 6 vir gr 0-7. Bybelstudie vir gr 8-11
Vir ons Hoërskool Katkisante:
Woensdag: 17:30-18:00: Graad 8 en 9
18:00-18:30: Graad 10
18:30-19:00: Graad 11 (Belydenisklas)
BRING asb julle Bybels, psalmboeke en 'n notaboekie saam!

Jeug

Laerskool jeug afskop 2019

Ons nooi graag **ALLE laerskool kinders** om Vrydagaand (8 Maart) **vanaf 17:30 vir 18:00**, 'n heerlike speletjiesaand te kom geniet tot **20:30**.
Maak asseblief seker dat elkeen van julle 'n uitnodiging kry by **Marla of Marike** na afloop van die erediens by ***die koeldrankvenster***.
RSVP asseblief voor of op 6 Maart by Marla 072 561 9879 of Marthie Nieman 083 347 7638.

Arendsjeug bied aan: 'n Uitdagende kamp - vir jongmense deur jongmense.
Datum: 21 – 24 Maart 2019
Kampterrein: Die Hoekie
Koste: R 400.00 per persoon
Tema: Ken God, Ken jouself.
Meer inligting by arendsjeug.co.za/kamp

Kerke Nuus

Aansoeke word ingewag vir die pos as
ORRELIS
by
GK PRETORIA-ANNLIN
(Pos onmiddellik beskikbaar)

Kontak Cobie by die kerkkantoor
012 567 1492
Of stuur jou CV na:
kerkkantoor@annlin.co.za

LEEDWESE

- Prof T van der Walt (Tjaart), emerituspredikant van GK Wapadrant, is op 22 Februarie 2019 oorlede. In lewe was prof Van der Walt predikant van Krugersdorp (1962-1968), professor Teologiese Skool Potchefstroom (1969-1977), Rektor PU vir CHO (1977-1987), ambassadeur in Bophuthatswana (1992-1995) en predikant van Wapadrant (1996-2002).

BEROEPE ONTVANG

- Ds GP Meijer (Gerben) van Vryburg/Schweizer Reneke na Hendrina/Carolina-kombinasie
- Ds PJ Venter (Petrus) van Pretoria na Postmasburg

BEROEPE AANVAAR

- Proponent G Janse van Rensburg (Gerhard) na Durban-Noord

Dagboekdatums

Dinsdag	5 Maart	Bybelstudie (Stephanus – konsistorie)	15:00
Woensdag	6 Maart	Bybelstudie (Henriette – konsistorie)	09:30
	6 Maart	Katkisasie	17:30
Vrydag	8 Maart	Jeugaksie	18:00
Saterdag	9 Maart	Susters-Saamtrek Oos-Moot & Kandelaar	09:00

Ds Gert se dagboek

Maandag:	Huisbesoek	19:15 – 20:30
Dinsdag:	Admin vergadering	09:00 – 10:00
Dinsdag:	Huisbesoek	10:30 – 12:00
	Huisbesoek	19:00 – 20:00
Woensdag:	Katkisasie	17:30 – 19:00
	Volwasse Kategese	19:15 – 20:00
Donderdag:	Voorbereiding	
	Huisbesoek	19:00 – 20:00
Vrydag:	Voorbereiding	
	Jeugaksie: Laerskool	18:00 – 21:00

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.